My Getuienis...

5 Maart 2007

Hallo

My naam is Johan, ek kom van n plattelandse dorpie in die Vrystaat. Ek wil net met almal iets deel, en ek hoop dit sal vir julle iets beteken.

Ek was n dwelmverslaafde vir 22 jaar. Ek het opgehou om dwelms te gebruik op 27 Augustus 2001.

Hoe alles begin het.

Ek het as kind begin eksperimenteer met dwelms. Ek was eendag saam met my stiefpa by van sy vriende gewees waar hulle gesit en drink het en ek het gehoor hoe een van hulle vertel van gomsnuif en petrolsnuif.

Ek en ’n maat is eendag na ‘n speelpark,daar aangekom het ek hom vertel dat ek gehoor het dat as jy petrol snuif dan voel jy lekker en so het ons dit probeer.

Later van tyd het ons begin met die gom en ander goed. Ons was nie verlaaf aan die goed nie, ons het dit maar net gebruik vir die snaaksheid daarvan, want as ons dit gebruik het het dit gemaak dat ons snaakse dinge doen en sê waaroor ons dan gelag het. Min het ons geweet waarmee ons besig was, eers was dit net 2 of 3 keer per maand wat ons dit gedoen het .

Ouer ouens het my gou aanvaar. Ek het saam met hulle begin kuier en gou-gou was ek verlaaf aan dagga en hoesstroop (Phensedyl). My skoolwerk het agteruit gegaan .

My hoërskool loopbaan het ek vriende ontmoet wat ook met dwelms deurmekaar was en so het my paadjie met die dwelms gekruis. In std 6 (graad 8) het ek begin pille (mandrax) rook en ook ander soorte pille begin drink (Vesperax) wat ook genoem word Vee’s ens) wat ek by my ouer vriende verniet gekry het. Dit was vir my lekker om sulke “ goeie “ vriende te hê.

So in die helfte van st 6 het van die ouens my een aand uitgenooi om saam met hulle te gaan . Ons was na ‘n plek toe waar heelwat ouer mense bymekaar was en daar was baie drank en dwelms gewees en jy kon net kies wat jy wou gebruik.Wat my baie beindruk het op daardie stadium was die mooi motors wat van die jong ouens (18 en 19 jaar) gery het en die geld wat hulle gehad het. Ek het dit aan een van die ouens genoem en hy het my later die aand aan een van die ouer mans voorgestel en hy het gesê dat ek ook so motor kan ry as ek bereid is om te werk daarvoor. Ek het toe vir hom gesê dat ek bereid is om te werk daarvoor. Dit was my eerste aand saam met ‘n groep sataniste, maar ek het dit nie geweet nie. Ek het al hoe meer betrokke begin raak by die groep tot op ‘n aand wat ons weer bymekaar gekom het en hulle my eenkant gevat het en vir my gesê dat hulle betrokke is by satanisme en dat hulle wil hê dat ek by hulle moet aansluit.

Ek het gesê ek sal daaroor nadink, toe sê hulle vir my dat ek mooi moet dink want as ek sê nee sal hulle polisie toe gaan en hulle vertel wat ek gedoen het. So het my loopbaan as satanis begin.

Die dag nadat ek geskors is het ek begin werk by een van die ouens wat by die sataniste groep betrokke is.Daar is ek gebruik om sekere dinge te doen (misdaad) vir die groep. Ek het al hoe meer betrokke begin raak met satanisme en misdaad en daardeur kort –kort in die hof beland. Ek het Kroonstad verlaat (1985) en Johannesburg toe gegaan waar ek met al hoe meer dinge betrokke begin raak het. Terwyl ek in Johannesburg was is ek gevang en het in die tronk beland. Toe ek uit die tronk kom is ek weg uit Johannesburg na Durban toe waar ek met dwelm handelaars betrokke geraak het. In Durban is ek ‘n paar keer gevang en het ‘n paar korttermyn tronkstrawwe gedoen .

Die laaste keer wat ek in Durban gevang is , is ek verwys na Magaliesoord rehabilitasie sentrum. Ek was twee weke daar gewees en het toe weggeloop. Ek het het Kroonstad toe gekom en hier het ek weereens in die hospitaal beland as gevolg van n oordosis dwelms. Die dokter het my ma gebel en vir haar gesê sy moet my familie bel want ek gaan dit nie maak nie. Ek het wonderbaarlik herstel en my een broer het met my gepraat en gesê dat ek moet teruggaan na die rehabilitasie sentrum. Ek het ingestem in is terug soontoe. Daar aangekom het hulle my aangekla van dros uit ‘n rehabilitasie sentrum en vir 3 maande tronk toe gestuur.

Vanuit die tronk is ek direk terug rehabilitasie sentrum toe en ‘n week later is ek gevang binne in die rehabilitasie sentrum met dwelms. Ek is aangekla vir handeldryf met dwelms in n rehabilitasie sentrum en is gevonnes tot 2 jaar tronkstraf in Zonderwater gevangenis.Toe ek daar uitkom is ek af Kaapstad toe en daar het ek by bendes betrokke geraak. Ek het begin om groot hoeveelheid dwelms vir die bendes van een plek na ‘n ander plek te neem en daar is ek gevang met een so besending.

Ek is gevonnes en toe vir n lang termyn tronk toe gestuur.Ek is van die een tronk na die ander gestuur as gevolg van die moeilikheid (betrokkenheid by bende bedrywighede) wat ek veroorsaak het. So beland ek in Kroonstad gevangenis waar ek my laaste jaar en sewe maande moet uitdien en so vind my ma-hulle toe uit dat ek nog leef. Toe ek ontslaan is uit die gevanggenis het ek net 2 weke in Kroontad gebly en is toe weer weg Durban toe. In Desember 1999 het ek Nadia (nou my vrou) ontmoet. Ons is weg uit Kroonstad weer as gevolg van my dwelm probleem en beland toe in Durban. Daar aangekom het ek weer my ou vriende raakgeloop en weer in die moeilikheid beland. Nadia is toe na van haar vriende toe.

Ek het toe weer by my ma-hulle gaan bly (2001). Nadia het uitgevind dat ek terug is in Kroonstad en het my gebel. Ons het toe afgespreek en op ‘n plek bymekaar gekom. Ek het haar gevra dat sy moet terugkom na my toe, maar sy het vir my gesê die dag wanneer ek vir haar kan sorg sal sy terugkom. Ek en sy is toe uitmekaar. Drie weke na daardie dag, op die 17 Augustus het ek die oggend wakker geword en was baie deppressief. Ek het opgestaan en is na die dak van die woonstelgebou toe waar ek in die oggende my dwelms gebruik het. Terwyl ek die oggend daar sit begin my gedagtes te werk en ek vra myself waarom leef ek , ek is nou 33 jaar oud en ek het niks om voor te lewe nie en kan maar net sowel dood wees.

En net daar het die gedagte by my opgekom om selfmoord te pleeg. Ek is terug woonstel toe en het toe vir my ma ‘n brief geskryf en dit vir my suster gegee om vir haar ma te gee. Ek is na die ou silo toe wat die hoogste gebou is in die dorp om daar af te spring. Daar aangekom het ek tot bo geklim. Terwyl ek so by die rand van die gebou staan het ek op my horlosie gekyk om te sien hoe laat dit is, dit was kwart voor 11. Net toe ek wil spring kom die volgende woorde in my kop “ onthou Jesus het jou lief”. Nou moet julle verstaan op daardie staduim was ek nog betrokke by satanisme en dwelms, en vir ‘n satanis om Jesus se naam te noem, behalwe om Hom te vloek of sleg te sê is ongehoord!

Toe ek my weer kon kry toe daag ek Jesus uit. Dit was die woorde “ As U my lief het sal U my help want so kan ek nie met my lewe aangaan nie, ek is eerder bereid om dood te gaan! . Toe ek tot my sinne kom toe staan ek onder die gebou en huil soos n klein seuntjie en dit was kwart voor 12. Al wat in my kop was, was ‘n naam Andrew Pantland. Ek is daar weg en het so huil-huil loop en vir die mense gevra wie Andrew Pantland is totdat iemand vir my gesê het dat dit die dominee van die methodiste kerk . Ek is toe in na hom toe en sê vir hom ek weet nie hoekom ek by hom moet wees nie , al wat hy vir my gesê het is kom laat ons bid. Toe hy amen sê het hy opgestaan en na ‘n kas gestap en twee pamflette uitgehaal en vir my gegee en vir my gesê dat hy die pamflette net die vorige dag gekry het.

Op die pamflette het gestaan Christelike Afhanklikheids diens. Ek het dadelik die plek gaan soek en toe ek daar kom het ek vir die ontvangsdame gesê dat ek daarna toe gestuur is, sy het vir my gesê ek moet net ‘n oomblik

wag en het toe vir iemand gebel. René Combrinck het toe daar aangekom en my ingenooi en met my gepraat. Ek het hom van my vertel en hy het my van die CAD vertel, dat dit ‘n ondersteunings groep is en my uitgenooi na die vergadering die Dinsdag. My eerste vergadering was ek maar baie senuweeagtig en het ek nie geweet wat om te verwag nie, maar dit was so fantasties want die mense wat daar was het nie op my neergesien nie en my aanvaar net soos ek is . As ek probleme gehad het kon ek met René gaan praat het, hy was altyd beskikbaar en gewillig om te luister en te help, en so ook met ander lede van die groep, en dit is wat gemaak het dat ek by die groep bly, die ondersteuning wat ek hier by die groep kry.

Ek is nou al 5 jaar 6 maande en 19 dae skoon van dwelms, ek sou dit nie reggekry het sonder die hulp van Jesus Christus wat my daardie dag gehoor het en my gehelp het nie asook die ondesteuning van die CAD groep en dan ook die hulp en bystand van my familie nie.

Die positiwe dinge wat in my lewe gebeur het vandat ek besluit het ek wil nie meer so lewe nie is ontelbaar, maar ek sal ‘n paar opnoem. Eerstens het die Here my en Nadia weer bymekaar gebring en ons is vandag gelukkig getroud. Voorheen wou my familie my nie geken het nie, maar nou kan ons nie genoeg bymekaar uitkom nie. Ek het fantastiese vriende ontmoet in die CAD, Vriende wat ook deur verslawing is by wie ek kan gaan raad vra as dinge te moeilik word vir my, mense wat verstaan.

Onthou net, as julle weet van iemand wat ‘n alkohol of dwelm probleem het wat nie wil gehelp word nie, moenie moed opgee met so iemand nie , hou net aan bid vir so persoon en gee hom oor aan die Here. My ma het nooit ophou bid vir my nie, en dit was alles die moeite werd!!!!!

NB....

Om by n nasorg groep in te skakel is baie belangrik, want om dit op jou eie te probeer werk nie . Die Bybel sé “Twee is beter as een, want as die een val kan die ander een hom ophelp”

JESUS GROETE

JOHAN